# In die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika

**PERSOPSOMMING**
**NORMAN WILLIAM ERASMUS v DIE STAAT**

Van: Die Griffier, Hoogste Hof van Appèl

Datum: 2005-09-06

Status: Onmiddellik

(1) Mnr Norman Erasmus is in die Streekhof van die Oos-Kaap skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer op grond daarvan dat hy swawelsuur in die klaer se gesig gegooi het en daardeur sy oë totaal vernietig het. Op 6 September 2005 het die HHA sy appèl teen hierdie skuldigbevinding van die hand gewys.

(2) Erasmus het nie ontken dat hy die suur in die klaer se gesig gegooi het nie. Hy is gehuur om dit te doen, so het hy aangevoer, deur die klaer se gewese vriend wat wraak wou neem na die beïndiging van hul homoseksuele verhouding. Sy verweer was dat hy nie gedink het dat die gevolge so ernstig sou wees nie omdat die klaer se gewese vriend en 'n ander hom verseker het dat die suur weinig meer sou doen as om die klaer se vel rooi te verkleur.

(3) By beoordeling van die appèl het die HHA bevind dat Erasmus, ten spyte van sodanige beweerde gerusstelling, minstens die moontlikheid van ernstige beserings voorsien het en dat hy hom met daardie moontlikheid versoen het toe hy die suur in die klaer se gesig gegooi het. Gevolglik is sy skuldigbevinding bekragtig. Daar was geen appèl teen die vonnis van 8 jaar gevangenisstraf, 2 jaar voorwaardelik opgeskort, wat deur die verhoorhof opgelê is nie.